### *Oor die gee van onderrig*

**223** Maar toe kom die leerlinge na My toe en vra waarom Ek tog in sulke bedekte terme met die Bethlehemiete gepraat het.

[2] **Ek** antwoord: “Is julle dan nog steeds so onverstandig asof julle nog nooit `n wyse woord van My gehoor het nie? Hulle dink dat Ek niks anders is as `n arts wat geseën is met buitengewone, geheime vaardighede en wat met behulp van `n geheime krag in die natuur sulke wonderbaarlike genesings verrig.

[3] Hulle is nie onbekend met die sekte van die Esseners nie, wat baie opmerklike kennis besit oor die geheime aptekerskuns, waardeur hulle menige kwaal kan genees en ook bepaalde verskynsels teweeg kan bring wat deur `n leek as duidelike wonders aangesien moet word. As jy dit bedink, kan daar dan uiteindelik iets anders uitkom as dat die Bethlehemiete My sonder twyfel slegs maar aansien vir `n Esseen van die vierde, dus hoogste graad, wie se wetenskap so groot is dat hy die meeste verskillende natuurkragte beheers en hulle na willekeur na sy hand kan inrig?!

[4] As Ek hulle egter sonder meer vertel het dat Ek, as Seun van die Allerhoogste, die beloofde Messias is, dan sou die ortodokse Judeërs hulleself uitermate gaan vererg het, en sou My as `n towenaar beskou het wat homself uitermate aanmatig, en wat met die satan in verbinding staan, en as sodanig sou hulle My ook belaster het en die genesing van hulle hierheen gebragte siekes sou vir hulle die eerste steen des aanstoots gewees het! Maar omdat hulle My nou net maar as `n Esseen beskou, gaan hulle baie gemoedelik huis toe en loof en prys Elohim wat die mens sulke geheime kennis en krag verleen dat hy die lydende mense die sekerste, hoewel wonderbaarlikste hulp kan gee!

[5] Omdat hulle egter tuis na rustige en rype nadenke tog maklik kan agterkom dat Ek sekerlik geen Esseen is nie, omdat die deur My aan hulle verkondigde beginsels oor die sedelike en maatskaplike lewe van die mens regstreeks indruis teen dié van die Esseners, **het Ek hulle presies soveel onderrig gegee as wat vir die bepaalde doel nodig was.** Hulle sal tuis My leer mooi en presies vergelyk met die leer van die Esseners, waaroor hulle wel beskik, en nadat hulle die skrilste kontraste gevind het, verbaas opkyk. Te meer so omdat die vyf alreeds in julle teenwoordigheid verbaas was toe hulle My woorde gehoor het, omdat My leer vir hulle, soos Ek reeds gesê het, regstreeks indruis teen dié van die Esseners.

[6] Hulle sou graag meer van My wou gevra het, maar Ek het hulle so kort moontlik te woord gestaan, en hulle het verdwyn en durf geen verdere vrae meer stel nie; want hulle sien dat Ek volgens My dade miskien wel `n Esseen van die hoogste rang sou kon wees, maar volgens die deur My aan hulle gerigte woorde, tog weer nie. Maar terwyl hulle onderweg aan niks anders as aan hierdie verskynsel dink nie, dink **hulle** nou ook: “Het die Esseners soms twee leringe, `n uiterlike slegs vir die blinde wêreldse volk, en `n innerlike vir hulleself?” Ten beste kan dit so wees dat Ek dus opreg teenoor hulle was en dat Ek, as goeie kenner van die Skrif, hulle somaar enige sin van die innerlike leer toegewerp het en die verdere soeke aan hulleself oorgelaat het!

[7] Maar **een van die vyf** meen egter dat daar heelwat meer agter My steek as `n Esseen van die hoogste rang. Hy sê nou aan die ander vier: “Ek glo vir myself nie dadelik dat hy `n Esseen is nie; want ek het onlangs met `n Esseen oor al hulle leringe en gebruike gepraat, en hy was `n opregte man, maar hy wis niks van `n tweede, geheime leer nie. Ek beskou daarom die sonderlinge geneser van Násaret as `n geheel op sigself staande en, sover ek weet, nog nooit voorgekome verskynsel. Hy is óf `n Elohim óf `n duiwel, laasgenoemde welke ek egter tog wil betwyfel, omdat sy leer die hoogste sosiale beginsel behels wat ek nog ooit gehoor het; `n duiwel is daarenteen die groots moontlike tiran en dus `n uitgesproke vyand van enige sosiale leerstelling!”

[8] Sien, onderweg voer die vyf nou al sulke gesprekke en hulle is daarin so verdiep dat hulle kwalik opmerk dat hulle voete self beweeg en hulle verder dra.

[9] Liewe vriende, as mens onderrig gee, moet mens behoedsaam te werk gaan; mens moet nie onmiddellik met die deur in die huis val nie, **en net soos by `n maaltyd nie al die geregte op één slag bedien nie**, want as mens `n maaltyd bedien, moet mens eers dan die tweede gang op die tafel plaas as die gaste die eerste reeds genuttig het; en as gas moet mens maar saggies na binne gaan en beskeie aan die deur klop wat in die vertrek mag ingaan, anders vind die mense jou onaardig en brutaal en sal jy in die deur jou besoekte huis weinig of niks kan uitrig nie; terwyl die gasheer weer die gaste al die eetlus ontneem **as hy op één slag `n hele boel geregte van allerlei aard op die tafel sou plaas**; maar as alles ordelik gaan, sal die gaste hul eetlus behou en hulle sal ten slotte hulle gasheer prys omdat hy so voortreflik vir hulle gesorg het!

[10] En kyk, so moet mens ook te werk gaan met lesgewing as mens daarmee iets wil bereik. - Begryp julle dit nou?”

[11] **Die leerlinge** sê: “Ja Meester, ons begryp nou alles presies wat U nou, soos altyd, so wyslik aan ons geleer het!”

[12] **Ek** sê: “Goed, dan kan ook ons nou met die ontbyt begin!”

### *Innerlike selfbeskouing*

**224** Dadelik staan ons van ons rusbanke af op en gaan die tuin in, waar al `n ryklike ontbyt op ons wag - wat Baram alweer vir ons voorberei het.

[2] Weliswaar sê **Kisjonah** aan Baram: “Maar broer, wat doen jy tog! Dink jy miskien dat my solders, voorraadkamers en wynkelders leeg staan?”

[3] **Baram** sê: “Broer, ek weet maar al te goed dat duisend gaste per dag jou voorrade in `n duisend jaar nie kan klaarmaak nie; maar ek behoort goddank tog ook nie tot die armes van die land nie, dus, gun my vandag nog die plesier om al die gaste te versorg! Want ek skep baie genoegdoening daarin om met die bietjie wat ek het die Meester te mag dien! Môre sal jou stowe weer soveel werk hê as wat maar moontlik is!”

[4] Kisjonah en Baram omarm en kus mekaar en gaan dan ook aan tafel sit en eet `n heerlike vis met brood en wyn.

[5] Na die maaltyd vra Kisjonah wat ons die dag gaan doen, en of Ek miskien weer êrens heen wil gaan sodat hy voorbereidings kon tref vir `n gemaklike reis.

[6] **Ek** sê: “Vriend en broer! Moet jy jou maar nie bekommer nie! Wat die tyd sal lewer, dit pak ons aan! Maar die tyd van vandag en môre sal weinig of niks oplewer nie, behalwe onsself, en daarom het ons ook geen spesiale voorbereidings nodig nie. Môre, teen die aand sal Philopold uit Kana kom; hy sal ook baie te vertelle hê.

[7] Nou sal ons ons egter tot die middag oefen in selfbeskouing onder die koel skadu van die bome!

[8] Want waarlik, Ek sê vir julle: Daar is vir `n mens niks heilsamer as om so nou en dan homself innerlik te ondersoek nie! Wie homself en sy krag wil ontdek, **moet self meermale selfondersoek doen en homself innerlik bekyk.**

[9] Omdat dit so dringend nodig is, sal ons so `n oefening vandag vir die middag doen en ná die middagete sal ons die see opvaar en sien wat dáár uiteindelik gedoen kan word.”

[10] Sommiges weet egter nie hoe hulle `n begin moet maak met die innerlike selfbeskouing nie, en vra dit aan My. Toe sê **Ek**: **“**Rus en dink in stilte aktief na oor julle doen en late, oor die aan julle welbekende wil van Elohim, en of julle dit nagevolg het tydens die verskillende periodes van julle lewe. Op hierdie manier het julle julleself innerlik ondersoek, en daardeur bemoeilik julle die binnedringing van die satan in julleself steeds meer. Want hy probeer met al sy energie om die innerlike selfbeskouing van die mens deur middel van allerlei niksseggende begogelings te verhinder.

[11] Want as die mens eenmaal deur oefening enigsins vaardig geword het in die beskouing van sy innerlike, dan ontdek hy in homself ook baie maklik en baie gou watter valstrikke die satan vir hom gestel het, en dan kan hy dit behoorlik onklaar maak en vernietig en tydige maatreëls tref teen al die toekomstige valsheid van die vyand. Dit weet die satan maar al te goed, en daarom is hy so ywerig moontlik besig om die siel self met allerlei begogelings af te lei na uiterlike sake, en naderhand het hy dan nie veel moeite om onsigbaar vir die siel allerlei valle op te stel nie, waarin sy ten slotte so verstrik raak dat sy dan nie meer tot selfbeskouing kan kom nie, en dit is baie erg.

[12] Want daardeur word die siel steeds meer geskei van haar gees en kan sy dit nie meer opwek nie, en dit is in die mens dan al die begin van die tweede dood.

[13] Julle weet nou waaruit die innerlike selfbeskouing bestaan. Doen daarom van nou af tot teen die middag in stilte so `n oefening en laat julle intussen deur geen uiterlike gebeurtenis steur nie! Want die satan sal sekerlik nie nalaat om julle af te lei met die een of ander spektakel van buite af nie. Maar herinner julle dan dat Ek julle dit vooraf gesê het en keer dan weer gou na julle selfbeskouing terug!”

[14] Nou word almal baie rustig en iedereen doen sy uiterste bes om homself te verdiep in selfbeskouing, en `n uur verloop so sonder enige steuring.